



**DOXA DEO**  
MEYERSDAL

Aan al ons liewe Doxa Deo Meyersdal Vennote en Vriende

Na aanleiding van die ingrypende aankondigings van ons president aangaande die **COVID 19 CORONA VIRUS**, is dit belangrik dat ons almal van die volgende punte sal kennis neem.

### **Stand van Doxa Deo**

As kerk is dit ons roeping en verantwoordelikheid om ag te slaan op die aangekondigde maatreëls wat ons regering en gesondheidsowerhede neergelê het. Alhoewel ons nou, en altyd sal bely dat ons beskerming en genesing by God lê, sal ons nie roekeloos daar teenoor staan nie en allermins nie 'n rebelse of "geestelike hoogmoedige" stand sal inneem nie.

Derhalwe dan die volgende belangrike stappe vir die tydperk van vandag af tot na die Paasnaweek, 14 April 2020. (Alles kan verander en aangepas word indien daar nuwe riglyne neergelê word)

### **Sondag Feesdienste**

**DIE SLEGTE NUUS:** Daar sal vanaf eerskomende Sondag (22 Maart) **GEEN** Sondagdienste in die kerkgebou wees nie. Dit antwoord die verbod op byeenkomste van meer as 100 mense.

**DIE GOEIE NUUS:** Daar sal wél voortgegaan word met ons huidige Paasreeks -*My Easter* – met kreatiewe tegnologie. Op hierdie vroeë stadium wil ons almal aanmoedig om in klein groepe (10-20 mense) by verskeie huise regoor Alberton bymekaar te kom vir ons Feesdienste. Ons sal dan elke groep bemagtig om sinvol te vergader en dan gesamentlik na die preek via "live stream" kyk.

Die diens gaan wel Sondag vanuit die kerk uitgesaai word en mense wat nie hierdie inligting betyds kry nie en wel opdaag vir 'n diens sal geakkommodeer word, tot die maksimum van 100 natuurlik

**HIERVOOR BENODIG ONS** dringend mense wat bereid sal wees om weekliks vir die volgende 4 weke, hulle woning/kantoor beskikbaar te stel op Sondae. Ons sal die nodige opleiding en ondersteuning verskaf en ook help om te sorg dat die nodige

higiëniese maatreëls in plek sal wees. INDIEN JY SAL HELP, KONTAK ONS ASSEBLIEF DRINGEND. Dit moet al eerskomende Sondag in plek wees.

Ons sal deur die week inligting deurgee van die adresse en plekke waar mense bymekaar kan kom.

Jy sal natuurlik ook in jou eie privaat woning kan inskakel by ons uitsending. Ons sal al die nodige inligting hiervoor beskikbaar stel.

### **Manneaand met Rusty Labuschagne**

DIE SLEGTE NUUS: Die manneaand **gaan nie Dinsdag plaasvind nie !!**

DIE GOEIE NUUS: Dit **word uitgestel** tot in die tweede helfte van die jaar. Ons is al bykans 200 manne en dit sal ons grootste mannebyeenkoms nog wees.

Gelde wat reeds betaal is sal oorgedra word na die nuwe datum toe. Indien enigiemand gelde wil terughê moet jy ons asseblief laat weet.

### **Kinderbediening – Doxa Deo Kids**

SLEGTE NUUS: Daar sal ook geen Kinderkerk by die kerk wees nie.

GOEIE NUUS: Ons gaan wel kinderbediening hê wat ons kinders in hulle huise kan geniet en sal later in die week meer inligting deurgee oor hoe dit gaan lyk in die volgende 4 weke.

### **Ons Kantoor gedurende die week**

Ons kantore sal normaal oop wees gedurende die week vanaf 08:00-16:30 en Vrydae tot 16:00. Ons telefoonnommer is 010 109 4444 en ons epos adres is [meyersdal@doxadeo.org](mailto:meyersdal@doxadeo.org).

ALLE ANDER PROSESSE, SOOS OPLEIDING EN KUSUSSE SAL NORMAAL VOORTGAAN INDIEN DIT GESKEDULEER IS.

### **Persoonlike en algemene higiëne**

Ek moedig jou aan om toe te sien vir persoonlik higiëne soos gereelde handewas, nies en hoes in 'n "tissue" of elmboog, ens.

HOE ONS GROET: Ons ontmoedig handdrukke en drukkie wanneer ons groet. Dis vreemd, maar dit is die regte ding om nou te doen.

HIGIËNIESE LOKALE: Ons sal sorg dat alle lokale by die kerk gereeld met effektiewe ontsmettingsmiddels skoongemaak sal word. Daar sal ook handewas middels beskikbaar wees by alle lokale.

Ek beseft terdeë dat dit vir ons almal 'n totale vreemde situasie is met 'n klomp onsekerhede wat baie ongerief veroorsaak. In dieselfde asem weet ek ook dat ons wonderlike mense het wat baie goed verstaan en dat ons almal sal saamwerk om die verspreiding van die virus te vertraag en selfs te voorkom.

Kom ons ag die een die ander hoër as homself en vat verantwoordelikheid vir mekaar se welstand sonder om vrees en paniek toe te laat in ons midde.

*Fil 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.*

*2 Tim 1:7 Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing*

Indien jy meer inligting benodig of enige voorstelle het oor hoe ons verder na die saak kan kyk, of enige hulp kan aanbied, kontak my asseblief by 083 400 1260 of by [alan.sutton@doxadeo.org](mailto:alan.sutton@doxadeo.org).

Een goeie plek waar jy moontlik kan help is om uit te reik na ons bejaardes wat die grootste risiko dra. Vind uit of jy dalk vir hulle hulle inkopies kan doen sodat hulle nie blootgestel hoef te word aan infeksie nie.

Baie dankie dat jy ook saam bid vir almal wat deur hierdie virus geraak word asook vir die mediese personeel wat uiteraard blootgestel is en hard werk om mense te help. Ons vertrou en glo dat die Here ons genadig sal wees sodat alles weer spoedig kan terugkeer na normaal.

Al ons liefde

Alan Sutton

Gemeente Leier

